

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
09 Mei 1978

Onderwerp: Die Gawes van die Heilige Gees  
Pinksterdiens 6

Lees: 1 Korinthiërs 12

Teks: 1 Korinthiërs 12

Sing: Gesang 36 vers 4  
Gesang 75 vers 4

“Broers en Suster, vanaand gaan dit oor die gawes van die Heilige Gees. Die gawes wat die Gees aan die gemeente gee. Hiervoor is 1 Korinthiërs 12 tot 14 klassieke hoofstukke.

“Ons moet vooraf sê dat die gawes van die Heilige Gees iets heel anders is as die vrug van die Heilige Gees. Die vrug van die Heilige Gees word in Galásiërs 5 beskryf: ‘Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.’ (Gal 5:22) Elke Christen moet dit hê. Die Heilige Gees dra sy vrug, sy volle vrug, in elke Christen se lewe in. As dit in ’n Christen of gemeente se lewe ontbreek, dan word hy ernstig vermaan. Wie hierdie vrug nie ken nie is in gevaar, in lewensgevaar. [As dit in jou lewe ontbreek, moet jy jouself afvra of jy werklik ’n Christen is.]

“Maar die gawes van die Heilige Gees is iets anders. Elkeen mag wel verwag dat hy van die Heilige Gees ’n gawe sal ontvang. Paulus sê: ‘Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee ...’ (1 Kor 12:7) Dit is die ‘Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil. (1 Kor 12:11) Elkeen mag dus vra vir ’n besondere gawe.

“Maar daar is ’n verskeidenheid van gawes en niemand kan ooit al die gawes hê nie. Paulus noem hulle op: ‘Want aan die een word deur die Gees ’n woord van wysheid gegee, en aan die ander ’n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan ’n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ’n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan ’n ander werkinge van kragte, aan ’n ander profesie, aan ’n ander onderskeiding van die geeste, aan ’n ander allerhande tale, aan ’n ander uitleg van tale.’ (1 Kor 12:8-10) ’n Groot verskeidenheid.

“In die gemeente van die Korinthiërs het daar ’n probleem ontstaan. Bepaalde gawes is verhef bó ander. Die gawe om in tale te spreek, het hoogmoed by sommige lede veroorsaak. Hulle het gedink hulle is beter as ander, omdat hulle hierdie gawe ontvang het.

“In die Nuwe Testament is daar verskillende vorme van spreek in tale. Handeling 2 beskryf die spreek in bestaande tale ná die uitstorting van die Heilige Gees. Die mense kon mekaar verstaan, elkeen in sy eie taal. (Hand 2:4-12) Maar by die Korinthiërs het dit nie oor bestaande tale gegaan nie. Hierdie tale was onverstaanbare klanke. Niemand in die gemeente kon dit begryp nie. Daarom sê Paulus daar moet iemand wees wat dit kan uitleê, anders moet die een wat in tale praat, swyg of liever in sy binnekamer praat.

“Broers en Susters, ook in ons dag is die spreek in tale ’n probleem, net soos by die Korinthiërs. Ek is oortuig dat ons, ook soos Paulus, nie hierdie spreek in tale moet aanmoedig nie. Dit het destyds misverstand veroorsaak. Mense maak allerlei karikature daarvan.

“Hier moet ons nie ’n verkeerde betekenis heg aan gelowiges wat Charismaties is nie. Dit is nie ’n buitengewone gawe soos die spreek in tale nie. Elke lidmaat is charismaties as hy of sy staan onder die leiding en bestuur van die Heilige Gees.

“Paulus wys daarop dat ’n verskeidenheid van gawes wat mekaar in die gemeente aanvul, tot mekaar se wedersydse voordeel is. Hy gebruik die beeld van die liggaam: ‘Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.’ (1 Kor 12:12) ’n Liggaam moet verskillende lede hê. Daar moet oë, ore, hande en voete wees. As daar een van hierdie dinge ontbreek, is die liggaam ’n invalide. Almal kan dus nie dieselfde ledemate in die liggaam wees nie. As almal een lid was, waar sou die liggaam wees? (1 Kor 12:19) As die liggaam net oog was, sou dit nie kon hoor nie, ensovoorts.

“Met hierdie beeld wil Paulus sê dat alle gawes dieselfde waarde het; dat een gawe nie bó ’n ander verhef moet word nie; en dat niemand op ’n ander se gawe moet neersien nie.

“Nou is dit so dat bepaalde Christelike groepe in ons land een of twee gawes uitsonder en verhef tot ’n onnatuurlike status, soos byvoorbeeld die spreek van tale. Dit is verkeerd, net so verkeerd as wat dit by die Korinthiërs was.

“Maar dan is dit ook so dat ons in die NG Kerk die gawe van getuig verhef het bó die ander gawes. Natuurlik is getuieis ’n wonderlike en onontbeerlike gawe, waarsonder die liggaam nie goed kan funksioneer nie. Maar as almal nou getuies is, dan geld wat Paulus aan die Korinthiërs sê: ‘As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees?’ (1 Kor 12:17)

“Is dit nie so dat ons van die lede van die gemeente klein predikantjies wil maak nie? Hulle moet net dit wat hulle in die kerk gehoor het, Maandae in die werk gaan oortel, dan is hulle goeie Christene. Broers en Susters, dit is bepaald eensydig. Dit mag een rede wees waarom die gemeente nie funksioneer soos dit moet nie.

Ons kan byvoorbeeld nie mense dwing om te getuig as hulle nie emosioneel daartoe in staat is nie. Hulle het ’n ander gawe van die Here ontvang. “Paulus skryf: ‘Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bediening, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.’ (1 Kor 12:4-6)

“’n Kenmerk van die genadegawes wat ons van die Heilige Gees ontvang, is dat dit op liefde gebaseer is en ’n besondere diens aan die gemeente lewer. Paulus sê: ‘Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes ...’ (1 Kor 14:1)

“Paulus sê eerstens, as jy die Heilige Gees om ’n genadegawe vra, moet jy nie ’n spesifieke genadegawe vra nie. Vra die Heilige Gees om jou ’n genadegawe te gee waarmee jy die gemeente op besondere wyse kan dien.

“In die tweede plek moet die gemeente mekaar se gawes eer en respekteer. Paulus sê: ‘En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie.’ (1 Kor 12:21)

“En in die derde plek is dit belangrik om te onthou dat die Gees aan elkeen uitdeel soos Hy wil: ‘Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.’ (1 Kor 12:11)

“Die Heilige Gees is vry om ’n gawe aan ’n bepaalde persoon te gee. Daarom kan ek nie by God aandrang om ’n spesifieke gawe nie. Die Gees het ’n maatstaf waarvolgens Hy gawes aan mense uitdeel: ‘Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.’ (1 Kor 12:7) Deur hierdie

gawes moet die gemeente funksioneer en opgebou word.

“Een van die groot vrae van ons tyd is: watter gawes moet ons soek? In die Korinthiërs se tyd en uitdagings kon ons verwag dat die Gees gawes sou gee wat tóé nodig was vir die uitbreiding van die kerk. Die Heilige Gees ken die behoefte van die gemeente. Daarom is dit nie vir ons om te besluit wat die genadegawes moet wees nie, maar die Heilige Gees. Hy weet wat ons nodig het.

“Die genadegawes wat in gemeentes benodig word, verskil. Ons kan dus nie aandrang op ’n duplisering van die gawes wat in die Nuwe Testament genoem word nie. In 1 Korinthiërs is daar ’n groot verskeidenheid van gawes - meer as twintig.

“Aan die anderkant moet ons waak teen ’n teologie wat sê dat dinge wat deel was van die lewe van die eerste gemeentes nie meer plek in die kerk het nie. Verskillende dinge word genoem, byvoorbeeld die wonderwerke van Jesus en die vroeëre Apostels.

“Mense wat nie meer wonderwerke wil aanvaar nie, sê gewoonlik dit was net nodig by die begin van die Evangelie, toe die kerk nog swak was en nog dié besondere hulp nodig gehad het. Maar dit is onskriftuurlik om so te redeneer; en daardeur word, onbedoeld, sekere beperkinge op God gelê. Het die kerk nie juis vandag alle hulp van God nodig nie - dus ook wonderwerke - te midde van die vreeslike afval van die kerk en van die Evangelie?

“Ons moet ook nie sê: niks het verander nie. Veel het verander, ook die gawes het verander. Nuwe gawes kom by, terwyl die oues verdwyn. Maar op grond van die Apostels se betroubare getuigenis kan ons nie sê dat bepaalde gawes nie meer nodig is nie.

“Gemeente laat ons onthou, die Heilige Gees gee besondere gawes aan lidmate, ooreenkomstig die wyse waarop Hy die gemeente wil opbou.

“U mag vanaand van die Gees vra: gee aan my daardie besondere bydrae, daardie besondere taak, wat ek in hierdie gemeente mag verrig sodat die liggaam gesond kan wees; en laat dit aan die Heilige Gees oor om aan u te gee wat Hy weet wat u gemeente nodig het.

“Amen.”

Kommentaar:

Met hierdie preek as agtergrond moet ons, onself afvra:

Waar staan ek in my verhouding met my gemeente?

As ek net kerk toe gaan en verder geen kontak met my gemeente het nie, is daar fout.

Dieselfde geld as ek met liefdelose pligpleging 'n taak vir die gemeente verrig.

Dan is selfondersoek nodig.

Die toets is dat ek my gemeente met liefde wil dien. Dit behoort jou vreugde en vervulling te gee.

Dit kan ook wees dat iemand in jou gemeente jou te na gekom het. Dan is vergifnis nodig - ook om jou van daardie negatiewe situasie te verlos.

Dit is ook moontlik dat jou kerk nie meer die ware Evangelie verkondig nie. Dan sal jy met reg verwydering ervaar, omdat jy nie meer daar hoort nie.